I430.E2.28.7.1 

12 November 1992

**BARSKYK**

**Dr F van Zyl Slabberta**

**"Wat gaan word van die taal?" Die vraag word my herhaaldelik gevra toe ek onlangs uitgenooi is om plus/minus** 250 Junior Rapportryers te kom toespreek oor die relevansie van hulle waardes in 'n nuwe Suid-Afrika. Asof ek enige benul het waar, en hoe, om so 'n tema aan te pak. Maar die uitnodiging was vir my onweerstaanbaar; 'n teken van die tyd, 'n persoonlike ervaarde sinjaal van tye wat verander.

Waar was die dae in die vroee sestigerjare toe 'n geslote Arikaner establishment krampagtig akademiese dinkskrums gehou het om kriteria vas te pen in terme waarvan "goeie" Afrikaners aangeherder kon word in diens van "die Volk". Daar was geen twyfel of selfbewustheid nie; die toekoms het aan hulle behoort en die taal was "amptelik" almal 'sn, maak nie saak wie of wat se nie.

En toe Breyten in die vroee sewentig's by 'n Kaapse somerskool met sy eerste terugkeer uit banningskap se dis 'n begrafnistaal - dis afgeloop. Hy wat Breyten is sien homself as die ou gids in die Cederberge wat die nag sy vrou se lyk oppas sodat die tiere haar nie moet opvreet nie. Schalk Pienaar sit an huil in die persbank maar die volgende dag trap "Die Burger" (die groot verligte snypunt van Afrikaner denke) - vir Breyten uit oor sy vermetelheid.

En nog later - middel tagtigs - na ek weggeloop het uit die Parlement gee ek klas by Wes-Kaap. 'n Formele versoek van die studente dat ek net in Engels moet doseer want Afrikaans is die taal van die "oppressor". Absoluut belaglik want na die lesing kom helfte van die klas my vra wat ek gese het want hulle verstaan gin Engels nie. Dit herinner my aan die keer wat ek na 'n politieke vergadering in Katatura in Windhoek is waar om en by 5 000 Herero's hulle self staan en opsweep het teen SWAPO se koms. Die voertaal is Herero en Afrikaans. Een deftige kerel spring op verhoog en bied homself as tolk vir Engels aan, maar die skare jou hom van sy staanplek af want hy is besig om tyd te mors.

En dan nou onlangs - die klomp Rapportryers - goeie oopgesig Afrikaner seuns. Ek staan saam met hulle vroeg oggend voor die voordragte begin en ons sing ons kele droog met "Ek en my Mandolientjie", "My Nooientjie lief in die Moerbei boom" en veral "Die Lied van Jong Suid-Afrika". Die manne is ernstig, en ons "harmonize" spontaan. Ek is, en was, nog altyd mal vir 'n saam singery en veral hierdie soort liedere. Daarna verdeel hulle in vier groepe en ek moet om die buurt met die Leier van die Voortrekkers en 'n KPLV elke groep oor dieselfde tema gaan

toespreek. En soos ek se, by elke groep dieselfde vraag : "Wat gaan word van die taal?"

Die vraag berus al klaar in die feit dat Afrikaans nie meer ampstaal gaan wees in die "nuwe Suid-Afrika" nie en gevolglik is dit verby. Ek se, nee wat ek is glad nie so mismoedig nie. In Senegal is die ampstaal Frans, maar 80% van die mense praat Wollof, en in Mosambiek en Angola is ek geensinds oortuig dat 80% van die mense Portugees magtig is nie en dis tog die ampstaal daar. 'n Taal leef omdat mense dit wil praat en omdat hulle sekere dinge met ander mense daarmee kommunikeer. "Wat wil julle in Afrikaans vir die "nuwe Suid-Afrika" se vra ek hulle. Volgens statistiek is 13 miljoen mense in Suid-Afrika AFrikaans magtig. Bloot demografies kan hulle nie almal "wit" wees nie, nog minder Afrikaners in enige sign wat alle jong Rapportryers gaan inspireer. In elk geval ek gaan die taal aanhou praat tot ek omval.

Die generiese vraag wat ongevraag bly by hierdie byeenkoms, die een wat die pens laat intrek van beklemming is : "Kan ek AFrikaner wees sonder beheer of monopolie van politieke mag?" Ons almal se Afrikanerwees en taalpraat is besmet onder die sambreel van dominasie. Ons kom nader aan die dag wanneer Afrikaanssprekers, wit of swart, gaan uitvind wat die lewensvatbaarheid van Afrikaans in die nuwe Suid-Afrika gaan wees. Dit kan aanleiding gee tot 'n hele klomp nuwe Afrikaners in die "nuwe Suid-Afrika". Dit word al hoe lekkerder om Afrikaner te wees.